basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**VERBRUIKERSTUDIES**

**NOVEMBER 2012**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 200**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | A | B | **X** | D | (1) | Verstaan LU12: 3.1 |
| 1.1.2 | A | B | C | **X** | (1) | Verstaan LU12: 3.1 |
| 1.1.3 | **X** | B | C | D | (1) | Onthou LU12: 2.1 |
| 1.1.4 | A | B | **X** | **X** | (1) | Verstaan LU12: 2.1 |
| 1.1.5 | A | B | C | **X** | (1) | Verstaan LU12: 2.1 |
| 1.1.6 | **X** | B | C | D | (1) | Verstaan LU12: 2.1 |
| 1.1.7 | A | **X** | C | D | (1) | Onthou LU12: 2.1 |
| 1.1.8 | A | B | C | **X** | (1) | Onthou LU12: 2.1 |
| 1.1.9 | **X** | B | C | D | (1) | Toepassing LU12: 2.1 |
| 1.1.10 | **X** | B | C | D | (1) | Verstaan LU12: 1.1 |
| 1.1.11 | A | B | C | **X** | (1) | Onthou LU12: 1.1 |
| 1.1.12 | A | **X** | C | D | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| 1.1.13 | A | **X** | C | D | (1) | Verstaan LU12: 2.3 |
| 1.1.14 | A | B | C | **X** | (1) | Onthou LU12: 2.4 |
| 1.1.15 | A | B | C | **X** | (1) | Verstaan LU12: 2.3 |
| 1.1.16 | **X** | B | C | D | (1) | Verstaan LU12: 4.1 |
| 1.1.17 | A | B | **X** | D | (1) | Verstaan LO12: 4.1 |
| 1.1.18 | A | **X** | C | D | (1) | Onthou LU12: 4.1 |
| 1.1.19 | A | B | C | **X** | (1) | Verstaan LU12: 4.1 |
| 1.1.20 | A | **X** | C | D | (1) | Verstaan LU12: 4.2 |
| 1.1.21 | A | B | **X** | D | (1) | Onthou LU12: 4.2 |
| 1.1.22 | **X** | B | C | D | (1) | Onthou LU12: 4.1 |
| 1.1.23 | A | B | **X** | D | (1) | Onthou LU12: 4.2 |
| 1.1.24 | A | B | **X** | D | (1) | Verstaan LU12:2.7 |
| | | | | | **24** | |

1.2 **EENWOORDITEMS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Agent se <u>kommissie</u> | (1) | Onthou LU12: 2.5 |
| 1.2.2 | Verband/verbandlening/eiendomsverbandlening/huislening | (1) | Verstaan LU12: 2.5 |
| 1.2.3 | Hereregte | (1) | Onthou LU12: 2.5 |
| 1.2.4 | Titelakte/eiendomstitel/akte | (1) | Onthou LU12: 2.5 |
| 1.2.5 | <u>Okkupasie/besettings-</u>huur | (1) | Onthou LU12: 2.5 |
| 1.2.6 | Vaste rentekoers/vaste | (1) | Onthou LU12: I.2 |
| 1.2.7 | Aktebesorgingsgeld/akteprokureursgeld/aktefooi | (1) | Onthou LU12: 2.5 |
| | | **7** | |

1.3 **KIES UIT DIE LYS**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | B | X | **X** | E | **X** | **X** | **X** | (4) | Onthou LU12: 2.4 |
| | | | | | | | | **4** | (Any 4) |

1.4 **PASITEMS**

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | A | B | C | D | E | F | **X** | H | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| 1.4.2 | A | B | C | **X** | E | F | G | H | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| 1.4.3 | A | B | C | D | **X** | F | G | H | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| 1.4.4 | A | **X** | C | D | E | F | G | H | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| 1.4.5 | **X** | B | C | D | E | F | G | H | (1) | Onthou LU12: 1.2 |
| | | | | | | | | | **5** | |

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1
- Dit is 'n siekte wat ontstaan wanneer die pankreas✓ geen/min insulien produseer nie✓
- Die gevolg is 'n oormaat glukose in die bloed/ die liggaam kan nie die glukosevlak hanteer nie/bv glukosevlakke is hoog/ hiper glisemie ✓ omdat die glukose nie na die selle vervoer of gedra kan word nie✓ om dan in energie omgeskakel te word nie✓
- Insulieninspuitings word dan benodig om die bloedglukosevlakke te beheer/insulien-afhanklike diabetes ✓ (Enige 3) (3)

*Onthou* LU 12.2.1

2.2 <u>Melkallergie</u>
- Die liggaam se immuunstelsel reageer / daar is 'n immunologiese reaksie✓ (gewoonlik skadeloos) teenoor die proteïen ✓ in melk
- Die spysverteringstelsel en ander stelsels in die liggaam kan geaffekteer word, bv. die asemhalingstelsel/vel /asma✓
- Kan lewensgevaarlik wees✓/dit kan ontgroei word

(Enige 2)

<u>Laktose intoleransie</u>
- Die immuunstelsel is nie betrokke nie✓
- Die liggaam het 'n tekort aan die ensiem laktase✓ wat nodig is vir die vertering van laktose / die liggaam kan nie die melksuiker, laktose verteer nie✓
- Gewoonlik word slegs die spysverteringstelsel geaffekteer, bv. diarree, maagkrampe/opgeblasenheid/winderigheid/naarheid/slegte asem/gewigsverlies/wanvoeding ✓
- Gewoonlik is dit nie lewensgevaarlik nie✓/neem ‘n rukkie om te ontwikkel (4)

(Enige 2)

*Onthou* LU 12.2.1

Leerders mag hierdie vraag in tabelvorm beantwoord

2.3 2.3.1
- Kospakkie B is die mees geskikte keuse ✓
- Lae vet melk bevat geen bygevoegde suiker nie✓ terwyl die versoete joghurt bygevoegde suiker bevat✓
- Lae vet melk✓ / Lae vet maaskaas✓ wat belangrik is omdat mense wat aan diabetes ly 'n hoër risiko is vir die ontwikkeling van koronêre hartsiektes✓
- Druiwe het 'n lae tot intermediereGI / Glukemiese Indeks ✓ terwyl waatlemoen 'n hoë GI / Glukemiese indeks het ✓
- Komkommers en wortels het 'n lae tot intermediere GI/Glukemiese Indeks✓
  Wortels bevat Vit. A. Mense met diabetes is geneig tot blindheid✓.
- Provitas/(volgraanbeskuitjies) het 'n lae GI/Glukemiese Indeks ✓ terwyl rogbrood intermediêre GI/Glukemiese Indeks het ✓
  Provitas (volgraanbeskuitjies)/druiwe/wortels/komkommers bevat meer vesel✓ as rogbrood, voedsel met 'n hoë veselinhoud help om die bloedglukosevlakke te beheer ✓
  Voedsel met 'n lae GI /Glukemiese Indeks stel glukose stadiger en voortdurend in die bloedstroom vry✓ wat help om die bloedglukosevlakke te beheer ✓ (8)

(Enige 8)

*Toepassing* LU 12.2.1

Leerders mag hul keuse aan die einde/heel onder aandui.

2.3.2
- Kospakkie A ✓ is die mees geskikte keuse vir 'n persoon met 'n laktose intoleransie
- Kospakkie A bevat joghurt wat geëet kan word deur 'n persoon wat ly aan laktose intoleransie ✓ omdat die laktose omgesit is in melksuur ✓
- Kospakkie A bevat Cheddarkaas wat geëet kan word deur 'n persoon wat ly aan 'n laktose-intoleransie ✓omdat die laktose omgesit is in melksuur ✓ (Enige 4) (4)

*Toepassing* LU 12.2.1

Indien leerders joghurt en kaas saam in een sin met een rede gee, kan hul 4 punte kry

2.4 2.4.1
- Cholesterol is 'n wit / sagte / wasagtige vetterige stof of substans✓ wat voorkom in die menslike liggaam / lewer/ liggaamselle/ hormone / bloed/bloedvate✓
- LDL is die 'slegte cholesterol' wat die are blokkeer✓ en HDL is die goeie cholesterol ✓ (2)

*Onthou* LU 12.2.1

2.4.2
- Hoë cholesterolvlakke veroorsaak verstopping/vernouing van die are✓ as gevolg van die opeenhoping van cholesterol oor die jare, dit belemmer die vloei van die bloed✓
- Wanneer 'n oormaat cholesterol in die bloed sirkuleer✓ vorm dit 'n neerlegging of plaak teen die wande van die are✓ wat die bloedvloei kan belemmer✓en kan bydra tot die verharding van die are – 'n toestand wat bekend is as arteriosklerose✓

Dit mag lei tot ...
- 'n hartaanval/hipertensie/hoë bloeddruk ✓as die bloedtoevoer na die hart verminder/afgesny word ✓
- beroerte✓ as the bloedtoevoer na die brein afgesny word✓
- Gangreen ✓ as the bloedtoevoer na die ledemate afgesny word✓

(Enige 5) (5)

*Onthou* LU 12.2.1

Die redes vir hartaanval, beroerte en gangreen moet korrek wees.

2.5 2.5.1

| | **Resep A** | **Resep B** |
|---|---|---|
| **Vetinhoud** | Hoë versadigde vetinhoud ✓ as gevolg van die kaas / botter / melk / eier✓ (2) | Laer versadigde/poli-onversadigde vetinhoud✓ omdat dit medium vet margarien / melk / eier / en geen kaas bevat✓ (2) |
| **Suiker - inhoud** | Bevat minder suiker (30 ml).✓ (1) | Bevat meer suiker (60ml bruin suiker, 100ml rosyntjies) ✓ (1) |

(6)

*Evaluering* LU 12.2.1

2.5.2 Gevolgtrekking: resep B✓ is die mees geskikte keuse om hoë bloed cholesterol en vetsug te beheer.
- Die versadigde vet / kaas / botter / melk ✓ in resep A dra by tot die hoë cholesterol vlakke✓ en vetsug✓/ laer versadigde/poli-onversadigde vetinhoud / mediumvet margarien / geen kaas✓ sal die bloed cholesterol vlakke verlaag ✓ en vetsug beter beheer ✓
- Die hoë veselinhoud / rosyntjies✓ in resep B help om die bloed cholesterol vlakke te verlaag✓
- Hoë veselinhoud in volkoringmeel sal 'n persoon langer versadig laat voel✓ dus sal dit ook help om vetsug te beheer/bestuur.✓ (Enige7)

1 punt vir keuse en 7 punte vir redes (8)

*Evaluering* LU 12.2.1

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C

## VRAAG 3

3.1
- 'n Persoon wat geskik en deftig geklee is vir werk sal die indruk skep dat hy/sy selfvertroue het/trek klante✓ projekteer die beeld van die maatskappy✓/gereed is om te leer✓en toon vaardigheid en professionalisme/herkenning/identifisering deur klante✓ en sal lojaal wees/sal respek toon teenoor die maatskappy✓
- As jy nie geskik geklee is nie ✓ sal dit 'n langer tyd neem voordat kollegas en die baas besef dat jy in staat is om die werk, waarvoor jy aangestel is, sal kan doen✓
- As die persoon geskik geklee is sal hy/sy die vertroue van die werkgewer/ kollegas/klante wen✓ (Enige 5) (5)

*Onthou* LU 12.2.3

3.2 3.2.1
- A✓
- Die mode word gekenmerk deur uitspattigheid/uitbundigheid/oormatigheid/uitermatige ontwerp✓
- Die luiperdvel ontwerp is nie gewild by alle mans nie✓
- Noupassende, rekbare hemde is nie gewild by alle mans nie✓
- Die swart kant das is nie gewild by alle mans nie✓
- Die meng van verskillende teksture nie algemeen by mans nie. (Een punt vir keuse en een punt vir rede) (2)

*Onthou en Verstaan* LU 12.2.4

Sleutelwoord – uitrusting en NIE kledingitem nie

3.2.2
- Die Madiba hemp/swart onderbaadjie/swart kant das/geblomde das / luiperdvel hemp✓

<u>Moontlike redes:</u>
- Die mode word gewild/populêr gemaak/ondersteun deur glanspersone soos Nelson Mandela wat sekere kledingitems dra/Modeneigings/etniese/'african' klere kan deur glanspersone/ikone oorgedra word✓
- Swart linne onderbaadjies mag modieus word vir 'n sekere tydperk✓
- Swart kant das mag modieus word vir 'n sekere tydperk / kant het modieus vir mans geword✓
- 'n Geblomde das omdat blomontwerpe modieus is vir 'n sekere tyd / die kontras tussen wit en geblomde ontwerpe kan 'n modeneiging word✓
- Hemde met 'n luiperdvel ontwerp kan deur baie mense op 'n gegewe tydstip gedra word✓

(Enige EEN keuse + relevante rede) (2)

*Onthou en Verstaan* LU 12.2.4

3.2.3

| Modesiklus vir uitrusting A | Modesiklus vir uitrusting C |
|---|---|
| 'n Modegier verdwyn gou✓ | Klassieke style is gewild/populêr vir 'n langer tydperk, gewoonlik vir baie jare ✓ |
| Dit word baie gou gewild/populêr✓ | Dit neem langer om gewild/populêr te word✓ |
| Hou gewoonlik een seisoen of 'n paar weke/word gou oudmodies✓ | Bly by die hoogtepunt fase vir 'n lang tyd✓ |
| Minder mense sal dit dra✓ | Meer mense sal dit dra/tydloos✓ |

(3 x 2) (6)

*Toepassing* LU 12.2.4

3.3
- Jou feite behoort korrek te wees/identifiseer die spesifieke probleem / aangeleentheid✓
- Jy behoort onmiddellik/dadelik/so gou as moontlik te kla✓
- Kla by die regte persoon– bestuurder of eienaar, nie by die verkoopspersoon nie✓
- Hou 'n rekord van by wie jy gekla het✓
- Wees hoflik / vriendelik / bedagsaam / nie sarkasties nie / nie kwaad/kwaai nie✓
- Wees regverdig / billik / kalm✓
- Volhard / wees ferm✓
- Kla skriftelik en sluit so veel as moontlik relevante inligting in✓
- Wees toegeeflik as jy deel was van die situasie✓
- As jy nie daarin slaag om die probleem om te los nie kan jy 'n klag by die hoofkantoor indien of die Nasionale Verbruikersforum kontak✓ (Enige 5) (5)

*Verstaan* LU 12.1.1
Die leerders hoef nie bg in die korrekte volgorde te gee nie.

3.4
- Dit behoort jou persoonlikheid/indiwidualiteit/figuurtipe/werksaktiwiteite/ verantwoordlikhede te pas✓
- Die ideaal sou wees om 'n uitrusting vir elke dag van die week te hê ✓
- Dit behoort die beeld van die maatskappy te reflekteer / gepaste korporatiewe/maatskappy uitrustings✓
- Klere/bykomstighede behoort gemaklik/vleiend te wees/maklik om te versorg✓
- Koop slegs die beste kwaliteit nie kwantiteit wat jy kan bekostig✓
- Die kern van die klerekas behoort uit basiese, klassieke style te bestaan✓
- Gebruik meer neutrale kleure en voeg ligter of donkerder kleure by✓
- Koördineer / meng-en-pas items in terme van styl, kleur en tekstuur✓
- Koop meer bostukke as broeke✓
- Die klerekas behoort klere sowel as bykomstighede in te sluit✓
- Gebruik 70-80%/meer effekleurige en 20-30%/minder gedrukte ontwerpe✓
- Bepaal watter kledingstukke in die bestaande klerekas bruikbaar is.✓
- 

(Enige 6) (6)

*Onthou* LU 12.2.3

3.5 3.5.1
- Die maatskappy wil 'n spesifieke kleredragkode hê om die maatskappy se beeld uit te dra/handelsetiket reflekteer nie die maatskappy se beeld nie ✓
- Die maatskappy wil nie hê hulle werkers moet die beeld van 'n ander maatskappy reflekteer/adverteer nie/Wil nie slegs een handelsmerk adverteer nie✓
- Handelsmerke reflekteer die beeld van die vervaardiger van 'n spesifieke produk/handelsmerk✓ (Enige 2) (2)

*Toepassing* LU 12.2.3 en 12.2.4

3.5.2
- Sy sal voel sy is deel van die maatskappy as sy die uniform dra✓
- Sy sal professioneel en bekwaam voorkom as sy die maatskappy se uniform dra, dit lyk saaklik, konserwatief en professioneel.✓
- Sy sal veilig en geborge voel/selfvertroue hê/geen diskriminasie tussen werknemers nie✓
- Sy sal voel sy verteenwoordig die maatskappy se waardes✓
- Die klante sal positief reageer omdat sy geskik geklee is en dit sal haar selfvertroue/selfbeeld 'n hupstoot gee. ✓ (5)

*Analiseer* LU 12.2.3

3.5.3
- Maandag: sy voldoen aan die vereistes omdat sy die uniform dra wanneer sy met die klante werk✓
- Dinsdag: voldoen nie aan die vereistes nie, want die rok is te informeel ✓/ nie professioneel genoeg nie ✓/rok met bandjies ontbloot te veel, ✓sy werk nie Dinsdae en Donderdae met die klante nie.✓
- Woensdag: voldoen nie aan die vereistes nie, want die uitrusting is nie professioneel nie✓ dra jeans✓/toppie/bloesie ontbloot te veel ✓
- Donderdag: voldoen aan vereistes want die uitrusting is professioneel✓
- Vrydag: voldoen nie aan vereistes nie, want sy dra nie die uniform nie,✓sy sal met klante werk
- Gevolgtrekking: Sy voldoen✓ slegs 2 van die 5 dae✓ aan die vereistes/ sy voldoen nie✓ 3 van die 5 dae nie ✓ (Enige 7) (7)

*Analiseer* LU 12.2.3

**1 punt vir elke dag en 2 punte vir gevolgtrekking TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN HUISHOUDELIKE TOERUSTING

## VRAAG 4

4.1 4.1.1 Deeltitel/ losstaande huis ✓ (1)
*Onthou* LU12.2.5

4.1.2
- Dit is die liggaam wat die kompleks bestuur/beheer en administreer ✓
- Dit is 'n groep mense/trustees wat verkies is deur die inwoners van die kompleks ✓
  OF
  'n Professionele bestuursagent✓wat deur die eienaars aangestel is ✓ (2)

*Onthou* LU 12.2.5

4.1.3 (a) Die regspersoon/body corporate van deeltitel onderhou die buitekant van die eenhede (mure, vensters, dakke, beligting, paadjies, paaie, tuine, sekuriteit, elektriese probleme, geiser)✓ en algemene areas✓die regspersoon (body corporate) van deeltitel ontvang en beheer die heffing (levy)✓

OF (2)

Die regspersoon/body corporate van voltitel onderhou die buitenste mure van die kompleks (beligting, paadjies, paaie, tuine, sekuriteit, elektriese probleme, geiser)✓ en algemene areas✓die regspersoon (body corporate) ontvang en beheer die heffing (levy)✓

(b) Die eienaar van deeltiel onderhou die binnekant van sy of haar eenheid✓ en sy/haar eie private tuin✓/betaal heffing vir onderhoud✓

Die eienaar van voltitel onderhou die hele huis✓ en sy/haar eie private tuin✓/betaal heffing vir onderhoud✓ (2)

*Onthou* LU12.2.5

4.2 4.2.1
- Kry 'n geskrewe huurooreenkoms ✓ wat geteken is deur die verhuurder✓ en huurder ✓
- Maak seker dat die ooreenkoms al die besonderhede van die ooreenkoms insluit ✓
- Maak seker dat die huiseienaar/verhuurder en huurder se regte en verantwoordelikhede in die ooreenkoms uiteengesit is ✓
- Inspekteer die eiendom voordat jy intrek ✓ in die teenwoordigheid van die huiseienaar/verhuurder of sy verteenwoordiger/derde party✓
  en maak seker dat rekords/foto's/kwitansies gebêre word ✓

(Enige 6) (6)

*Toepassing (3) en Skep (3)* LU 12.2.5

4.2.2
- Hoef nie die struktuur van die gehuurde eiendom te onderhou nie, die huiseienaar/verhuurder is daarvoor verantwoordelik✓
- Hoef nie inkomstebelasting of eiendomsbelasting daarop te betaal nie✓
- Kan enige tyd kennis gee as jy wil verhuis as die huiseienaar saam stem/hoef nie iemand te soek om die huur oor te neem nie✓
- Die voorwaardes vir die huur is uit die staanspoor bekend aan die huurder en verhuurder/'n vasgestelde bedrag vir 'n beperkte tydperk✓
- Vryheid van beweging is minder beperk as die van 'n persoon wat eiendom besit✓
- Huur skep minder probleem vir jou boedel (boedelbelasting of kapitaalwinsbelasting✓
- Indien jy bankrot raak, verloor jy nie eiendom nie.✓
- Jy kan 'n besigheid van die perseel bedryf mits die huiseienaar toestemming gee.✓ (5)
- Dit is 'n meer bekostigbare opsie/goedkoper as om te bou of te koop.✓ (Enige 5)

*Verstaan* LU 12.2.5

4.3
- 'n Onooglike omgewing/verlies van moontlike toerisme ✓
- Besoedel die lug/atmosfeer, water/riviere, grond✓
- Skep gesondheidgevare as dit nie opgeruim word nie/toegelaat word om op te hoop/veroorsaak ongelukke (kinders)✓
- Skep toksiese/giftige gasse /aardverwarming✓
- Skep areas/rommelhope met afval wat nie biodegradeerbaar is nie.✓
- Sulke rommelhope is moeilik en duur om in stand te hou✓
- Rommelhope gebruik waardevolle landbou grond/ minder grond beskikbaar vir ander doeleindes✓
- Skadelik vir mense en diere ✓
- Verlies aan moontlike inkomste/ materiaal as nie herwin word nie✓

(Enige 6) (6)

*Onthou (3) en Toepassing (3)* LU 12: 2.7

4.4 4.4.1
- Moenie koelkas oorlaai of te min voedsel in yskas plaas nie✓
- Moenie deure onnodig oopmaak nie /maak seker dat die isoleerband /deur se seël in 'n goeie toestand is ✓
- Ontvries die koelkas gereeld/sodat ys nie kan aanpak nie✓
- Stel/hou op korrekte temperatuur tussen 3–5 °C✓
- Verstel die temperatuur na gelang van die seisoen✓
- Warm voedsel moet eers afgekoel word voordat dit in die koelkas geplaas word. ✓
- Lees die handleiding om die koelkas effektief te gebruik.✓
- Herstel foute so gou moontlik omdat dit elektrisiteit kan bespaar.✓

(Enige 6) (6)

*Onthou* LU12.3.4

4.4.2

| Kriteria | Model B✓ |
|---|---|
| Beskikbare ruimte in die huis | Pas in die spasie in die kombuis/ (1881mmH x 595mmW x 646mmD) ✓ |
| Impak op omgewing | A Energietariefbepaling ✓<br>Energiedoeltreffend ✓<br>Min impak op omgewing✓ |
| Kenmerke/funksies | Ekstra nuttige kenmerke ✓, bv. Elektroniese kontrole✓ |
| Bekostigbare prys | Alhoewel dit duurder is as A (R4 989,00) is dit groter en sal ideaal wees as sy gaste onthaal ✓<br>R4 989,00 is bekostigbaar✓ |
| Kwaliteit | SABS goedgekeur, dus goeie kwaliteit ✓<br>Betroubare vervaardiger /goed gevestigde handelaar✓ |

(10)

LET WEL: EEN PUNT vir keuse van model B enige ander 9 punte

**OF**

4.4.2

| Kriteria | Model A✓ |
|---|---|
| Beskikbare ruimte in die huis | Pas in die spasie in die kombuis/ (1740mmH x 600mmW x 618mmD) ✓ |
| Impak op omgewing | A Energietariefbepaling ✓<br>Energiedoeltreffend ✓<br>Min impak op omgewing✓ |
| Kenmerke/funksies | Ontvries outomaties✓<br>Verstelbare termostaat✓ |
| Bekostigbare prys | Goedkoper as B (R3 989,00)✓<br>Meer bekostigbaar vir die jong paartjie omdat hulle onlangs hul lewe saam begin het.✓ |
| Kwaliteit | SABS goedgekeur, dus goeie kwaliteit ✓<br>Betroubare vervaardiger /goed gevestigde handelaar✓ |

(10)

LET WEL: EEN PUNT vir keuse van model A enige ander 9 punte
*Evaluering* LU 12.2.6
Ten minste EEN punt vir elke kriteria

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP

### VRAAG 5

5.1
- Perseel ✓ gebou/plek om produkte te vervaardig
- Toerusting ✓om produkte te vervaardig/breimasjiene /breipenne/ kombuistoerusting/elektrisiteit of gas
- Geld ✓ om werkers te betaal /benodigdhede te koop/wol/bestanddele vir sop
- Hulpmiddels ✓ vir produksie / wol /bestanddele vir sop (4)

*Onthou* LU 12.4.1

5.2 5.2.1
- Produseer goeie kwaliteit produkte✓
- Gee klante al die inligting wat hulle benodig m.b.t. die produk ✓
- Voorsien in die klante se behoeftes bv. verpakking✓
- Kompeterende pryse✓
- Kwaliteit van grondstowwe wat gebruik word✓
- Indien 'n klant nie gelukkig is nie, vra verskoning en vra hoe dit reggestel kan word. ✓ (Enige 3) (3)

*Onthou (2) en Verstaan (1)* LU 12.4.2

5.2.2
- Lei werknemers op om goeie klantediens te lewer / goeie klantediens moet deel vorm van opleidingsprogram ✓
- Gee persoonlike aandag aan klante. ✓
- Behandel/respekteer elke klant asof hy/sy die belangrikste persoon in die wêreld is ✓
- Personeel moet te alle tye vriendelik wees. ✓
- Luister na voorstelle/kritiek van klante ✓
- Wees altyd bedagsaam en luister na klagtes sonder om te onderbreek ✓
- Hou boek van die klagtes en navrae vir toekomstige verwysing✓
- Skakel altyd terug ✓
- Kom beloftes na (in advertensie) /strooibiljette, promosies en advertensies mag nie misleidend wees nie ✓ (3)
- Erken en beloon lojale klante ✓ (Enige 3)

*Onthou (2) en Verstaan (1)* LU 12.4.2

5.3
- Geen familie of eerste name is gebruik nie ✓
- Die naam gee 'n aanduiding van die produkte/aard✓ van die produkte wat geskik is vir winter/wat jou warm sal maak✓ /naam verwys na die produkte✓
- Die naam is nie gekoppel aan 'n spesifieke kultuurgroep nie/geen vooroordeel nie /neutraal✓
- Die naam is nie spesifiek vir 'n ouderdomsgroepe nie/vir 'n wye teikenmark ✓
- Die naam is kort /maklik om uit te spreek/maklik om te onthou✓

(Enige 3) (3)

*Verstaan* LU 12.4.2

5.4
- Produk: ✓ Die produk wat te koop aangebied word, word genoem, naamlik, bv. musse, handskoene, serpe en soppe ✓.
- Plek: ✓ Die plek waar die produkte gekoop kan word, word genoem. (Dorpsplein elke Saterdag)✓
- Prys: ✓ Pryse vir elke produk word op die strooibiljette aangedui ✓
- Mense (people):✓ Koop NOU! Moenie nog 'n week laat verbygaan sonder om reg te wees vir die koue nie. Jy verdien om warm te bly!✓

(Enige 3) (6)

*Onthou 3, Verstaan 3* LU 12.4.2

5.5 5.5.1 Wins = verkoopprys ✓– produksiekoste ✓ = R25,00 ✓
OF
= R60,00 ✓ – R35,00 ✓
= R25,00 ✓ (3)

*Toepassing* LU 12.4.3

5.5.2 Gelykbreekpunt =

$$\frac{\text{Aantal produkte x produksiekoste}}{\text{Verkoopprys van een produk}} \text{ OF } \frac{250 ✓ \text{ x R35,00 } ✓}{\text{R60,00 } ✓} \text{ OF } \frac{\text{R8 750}✓✓}{\text{R60 } ✓}$$

= 145,83 ✓
= 146✓ serpe moet verkoop word voordat onderneming sal gelyk breek (5)

*Toepassing* LU 12.4.3

5.6 <u>Aandag</u>:
- Trek aandag agv die prentjies ✓, skrif ✓, maklik om te lees/teks/koop nou ✓ (2)
- Trek aandag agv van die vraag; 'Siek en sat om koud te kry?' ✓

<u>Belangstelling</u>:
- Die strooibiljet lok belangstelling deur die vrae : Siek en sat om koud te kry?' en 'Waar en wanneer?' ✓
- Ook deur die gebruik van 'Stel jou voor' ✓, 'winter warmers' ✓ wanneer mense koud kry tydens die winter. (2)

<u>Begeerte</u>:
- Die strooibiljet skep 'n begeerte deur die woorde: 'stel jou voor… warm ore, nek, hande en warm sop' ✓ (2)
- Die strooibiljet skep die begeerte deur die woord NOU ✓

<u>Aksie</u>:
- Die strooibiljet inspireer die klant om oor te gaan tot aksie as dit die plek van verkope aandui✓ en dat die klant verdien om warm te voel ' ✓
- 'Koop NOU' ✓skep die begeerte on dadelik te koop anders sal die geleentheid hom nie weer voordoen nie (2)
- 'Wees gereed vir die koue' skep ook die begeerte om te koop ✓

LET WEL: Een punt word toegeken om elke beginsel te verduidelik en een punt as daar na die strooibiljet verwys word.

*Toepassing (4) en Skep (4)* LU 10.1.2 en LO 12.4.2

5.7 5.7.1
- Die meeste verkope sal tydens die winter✓ wees omdat die produkte geskik is vir kou weer. ✓ OF
- Hierdie produkte sal nie goed verkoop in die somer nie/die onderneming sal dus baie min geld maak in die somer ✓ (2)

5.7.2
- Kan die produkte oorsee bemark wanneer dit somer is in Suid-Afrika/ontwerp ‘n aanlyndiens ✓
- Verkoop ook op ‘n ander plek/vanaf the huis/ ook op ander dae van die week✓
- Aanhoudend goeie produkte lewer✓
- Kan tydens somermaande groot hoeveelhede produseer vir skole of klubs✓ (3)
- Alternatiewe produkte kan vir die somer beplan word bv koue sop/sorbet/katoen musse/syserpe/bande vir hare ✓

*Evaluering and Skep* LO 12.4.3

**TOTAAL AFDELING E: 40**
**GROOT TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou